# Hoofstuk 5

DIE NATUUR - AANGAANDE DIE LEWE VAN DIE BOOM (Vervolg) (06.08.1840) HIM1.062

12] Wanneer dit gebeur, dink hy (die boom) in sy verhoogde intelligensie aan die ooreenstemmende goedheid van die Liefde, en dan begin hy liefdevol by die buitenste lote van hierdie organe as ‘n vrug van die boom. En noudat hy homself as sodanig voor jou oë gestel het in 'n skaars merkbare grootte, maak Ek uit My barmhartige Liefde, deur die warmte van die Genade en die lig van die son 'n uitsonderlike klein vonkie.

13] Hierdie vonkies heg hulle dan gretig aan baie honderde takkies en uitlopers en sluit hulself versigtig toe in 'n klein omhulsel. As hierdie natuurlik-begeesterde huwelik plaasgevind het, dan word daar baie gou ‘n **blom** gemaak, **die instrument van voortplanting,** en uiteindelik ook die vrugte, volgens die boom, en tot rypheid gebring deur die steeds toenemende hitte van die vonkie.

14] Dit gebeur meer dikwels dat, uit die sorgelose traagheid van die gees, 'n paar takkies oor die hoof gesien word in sulke bome, en dan, na 'n kort tyd, ontsnap hierdie vonkie weer terug na sy oorsprong. Die vaatjies binne die takkies word onmiddellik saamgesnoer en gee nie meer voeding aan so 'n vrugbeginsel nie. So 'n vrug val dan gou, verlep en dood, van die boom af.

15] Maar in die vrugte wat volwasse geword het, word hierdie klein lewensvonkie goed en sorgvuldig in 'n fyn peultjie in die middel van die saadkorrel bewaar. En aangesien dit 'n lewensvonkie uit my Erbarmingsliefde is, bevat dit, soortgelyk aan sy oorsprong, wat ekself is, **oneindig baie van sy soort in homself**. Baie miljoene **identiese bome** kan geskep word van so 'n saad in net 'n duisend jaar, en so verder aan tot in die oneindigheid. Want ek is ewig en oneindig, in die kleinste, soos ook in die allergrootste en oneindigheid self.

16] Nou kyk, nou het julle 'n boom, of soveel soos julle wil, in sy ganse bestaan. -Nou moet ek julle die ontstaan en die einde daarvan wys.

17] Die skepping van so 'n boom is in en van homself baie eenvoudig. Naamlik, so 'n saadkorrel val of word op die aarde geplaas. Soos hy hom daar in die aarde bevind, roep hy na 'n, in die materie gebonde, gees (natuurgees) wat in homself is. So 'n gees kry die eerste lewensemosie en die eenvoudigste intelligensie van sy wese. Aangesien hy basies boos is, wil hy daardie lewensvonkie (die uit God gebore erbarmings-liefde, wat in die saad geblaas is) moorddadig aangryp - juis hierdie vonkie van lewe wat voortdurend sy strewe ontwyk. Daarom is hierdie gees altyd op soek na dele of geeste, soortgelyk aan hom, in die aarde en dit vergroot en vermeerder dus sigbaar, soos julle julself as 'n volgroeide boom kan voorstel. Hierdie groei van die boom word presies gedoen deur die moorddadige naywer van hierdie ontbonde gees - of, as julle wil, deur 'n hele legioen van sulke geeste.

18] Maar die lewensvonkie ontvlug steeds hoër en hoër, tot buite die bereik van sulke boosaardige yweraars. In hulle woede, verhard baie miljoene der miljoene van hierdie geeste weer (aangetrek deur die lewensvonkie) en word tot stomheid geslaan, tot dooie materie, wat julle duidelik kan sien aan die hout en bas van 'n boom. Deur hierdie dikwels langlewende yweraars, word sulke geeste (skielik) weer verneder en dan kom die verwagte, bruikbare vryheid en dit word uiteindelik een met die lewensvonkie.

19] So 'n gees, wat in die begin op hierdie manier liefdevol verenig met die lewensvonkie, is na die volle rypwording van die vrug eteries vry en gelei om tot 'n, synde volgens my ewige Orde, hoër, meer intelligente wese te ontwikkel, en verderaan, totdat hulle uiteindelik selfs mensesiele word.

20] Indien (naamlik) 'n genoegsame aantal (natuurlike) geeste deur so 'n boom, as 'n liggaam van verlossing, verlos is, en hierdie verloste geeste het in hul eteriese vryheid met die mees diverse bome en plante liefdevol verenig, sodat hulle 'n gees van hoër intelligensie verteenwoordig, word sulke geeste dan na die dierewêreld oorgeplaas en daar tot die tweede fase gebring.

21] Weereens, as al die geeste van die dierewêreld liefdevol sou verenig tot een gees, dan is so 'n gees in staat om die hoër stadium te betree (opstyg) en as 'n eenvoudige gees (en inderdaad as 'n "siel") in die mens geplaas te word, vanwaar dit vryelik na vore kan tree om sy ewig liefdevolle Oerbron te aanskou. - So 'n gees sal nooit iets met materie te doen hê nie. Slegs met die geeste wat in die mens weer boos geword het, waar geen vorm van die Liefde op 'n sinvolle manier vrug kan dra nie, sal 'n soortgelyke lang en moeilike weg weer bewandel word.

22] So 'n uitgediende boomstam (dit wil sê 'n boom wat op die beskrewe wyse sy geestelike geestes-elemente in hoër vlakke van sy bestaan opgegee het) gaan dan weer dood, verdroog en verrot, of nog beter, hy word afgesny en verbrand.

23] Siedaar, dit is die verborgenheid van die plante, struike, en bome, van hulle ontstaan tot by hulle einde!

24] Aangesien ek aanvanklik opgemerk het dat hier reeds vir die tiende maal 'n bos staan, wil ek vir jou iets in 'n neutedop sê: Kyk, net so dikwels was hierdie grond, wat die Helse vuur van sataniese boosheid demp, vir meer as 'n honderd jaar onder die vloede gewees. Daarom, as jy net 'n paar vadem diep in sommige plekke sou grawe, sal jy spoedig op enkele verkoolde bome uit antieke tye afkom, waar jy in baie

plekke in die hars steeds goed bewaarde insekte van daardie tye sal vind. En dit sal julle in verskillende lae op tien, twintig, 50, honderd, 500, duisend, en selfs meer, vadems diep aantref.
25] Kyk wat ek met 'n unieke, hoogmoedige engel doen. (Lucifer) - Ek sê vir jou dat as daar nie 'n aarde, of 'n son, of enigiets anders materieel geskape was nie, sou hierdie unieke Een nie nederig gebly het nie. Net uit liefde het ek, Die Ewige Liefde, die oneindigheid gevul met sonne en wêrelde, ten einde selfs die kleinste deeltjie van hierdie gevallenes te kan red.
26] Daarom, bedink ook wat ek vir julle gedoen het, nog doen en vir ewig gaan doen. Amen. Ek, die Ewige Liefde. Amen